Son 2 Aug (Gen 18:14, Ef 1:19-20) Almagtige God, ons is sonder woorde as dit tot ons deurdring dat regtig niks te buitengewoon vir U is nie! Daar is niks wat vir U onmoontlik is nie. U het die mag om U woorde te bewaarheid, al lyk dinge vir ons soms hoe onmoontlik. Help ons om te bly glo en te bly hoop ten spyte van omstandighede. Dankie dat U krag ook in en deur ons werk.	V	**Son 9 Aug (Fil2:1-11)** Here Jesus, alhoewel U die Koning is voor wie almal die knie moet buig, het U die gestalte van 'n slaaf aangeneem toe U vir ons "vryheid kom veg" het. U gesindheid was een van nederigheid en gehoorsaamheid aan die Vader. Dankie vir die voorbeeld wat U vir ons gestel het. Ons dra op hierdie Vrouedag al die vrouens aan U op. Dankie dat U vrouens waardig ag en op spesiale maniere gebruik.	V	**Son 16 Aug(Ps 119:54-66)** Grote God, dit maak ons gelukkig om vandag weer na U voorskrifte te luister en dit te oordink. U Woord is soos die mooiste musiek in ons ore. U beloftes dra ons deur moeilike tye en gee ons moed om vas te byt. Leer ons om U Woord te verstaan en te gehoorsaam. Lei ons op die regte pad en as ons dalk iewers afgedraai het, bring ons asb weer in liefde terug.
Ma 3 Aug(Gal 5:16-21, Ef 2:1-12) Ag, Here, die mag van die sonde in die mens se natuur is so verskriklik! Mense wat nog nie Jesus se verlossing aanvaar het nie, se dade getuig daarvan. Ons vra dat U Gees asb kragdadig sal werk in die harte van mense wat roof, ander leed aandoen, onreg pleeg en voortleef in die sonde. Laat hul besef dat Jesus ook vir hul gesterf het en hul wil vrymaak.	O	**Ma 10 Aug(1Kor 3:9, 1Kor 9:16)** Baie dankie, Here, vir die voorreg wat ons vandag het om die Blye Boodskap aan mense rondom ons te bring. Ons het elke dag kontak met mense wat nie die ware God ken nie – ons Hindoe en Moslem kollegas of bure, ons huis- en tuinwerkers, mense by die winkel, familie wat agter vreemde gode aanloop, oumense wat steeds glo dat ons deur die wet te onderhou hemel toe gaan. Help ons asb om nie stil te bly nie.	O	**Ma 17 Aug(Joh 3:36 Open 3:20)** Drie-enige God, ons bid vir die uitbreiding van U Koninkryk. Soveel mense ignoreer U klop aan die deur van hul harte – laat hulle asb antwoord voordat hul genadetyd verby is. Baie mense het grootgeword in Moslemhuise of gesinne waar vals gode aanbid word – gee asb ook aan hulle die geleentheid om die ware God te leer ken.
Di 4 Aug (Fil 4:6-7, Fil 4:19) Omdat U ons Vader is en omdat U naby ons is, sal ons oor niks besorg wees nie, Here! Met gebed, smeking en danksegging wil ons ons begeertes aan U bekend maak. Mag U vrede wat alle verstand te bowe gaan, nou oor ons harte en gedagtes die wag hou in Christus. Voorsien asb ryklik in elke behoefte van ons volgens U rykdom in Christus Jesus.	L	**Di 11 Aug(Gal 4:6-7)** Ons staan nie soos bedelaars wat hoop dat U dalk verby sal kom en vir ons 'n ietsie sal gee nie. Nee, Here, U is ons Pa wat ons liefhet en vir ons sorg! Ons is afhanklik van U maar ons weet dat U ons hand vashou en dat U arm om ons is en dat ons met vrymoedigheid vir U kan vra wat ons nodig het. Dankie vir hierdie groot voorreg!	L	**Di 18 Aug(Fil 1:6)** Almagtig God, ons bid vir die bevryding van verslaafdes. Niks is vir U onmoontlik nie. Verander asb hulle denke dat hulle nie aan hulself sal dink as verloorders nie. Werk in hul harte die geloof dat Jesus Christus gesterf en opgestaan het en daarmee die mag van die bose gebreek het. Lei hulle om hul wil en lewe aan U te gee om deur U Gees beheer te word.
Woe 5 Aug(Ef 6:7&10, Ef 5:15-20) Here, gee ons asb die regte ingesteldheid teenoor die lewe en teenoor die omstandighede waarin ons ons bevind. Laat ons alles wat ons moet doen, met ywer en vreugde doen. Laat ons nie moed verloor nie,maar altyd ons krag in U en in U groot mag soek. Laat ons die beste gebruik maak van elke geleentheid en verstandig lewe. En laat ons altyd dankbaar wees vir alles.	H	**Wo. 12 Aug(Ef 2:4-10)** Dankie dat U ons innig liefhet, Here, en dat U ons uit genade gered het. As verlostes het ons geen rede om op onsself trots te wees nie, want ons redding kom nie uit eie verdienste nie. Dit is 'n gawe van U, want U het ons gemaak wat ons nou is. Dankie dat U ons saam met Christus lewend gemaak het. Laat ons dan ook ons lewens wy aan die goeie dade waarvoor U ons bestem het.	H	**Wo 19 Aug(Ef 5:14)** Onbegryplik groot is U genade, Here! U goedheid aan ons is sonder verdienste. Die geestelike seën wat ons van U ontvang, is so groot. Ons hoef maar net tyd af te staan om bybel te lees, en U beloon ons ryklik met insig, kennis en wysheid. Ons hoef maar net met U te praat, en U liefdevollle teenwoordigheid oorweldig ons. Ons mis soveel geestelike skatte as ons die skatte van die wêreld hoër ag!
Do 6 Aug (Gen 1:11, Joh 15:1-8) Skepper-God, U het vrugtebome gemaak wat elkeen na sy aard vrugte dra, en waarvan die saad in sy vrug sit. U wil ook hê dat ons elkeen volgens ons aard vrugte sal dra sodat die saad in die vrug deur U gebruik kan word vir die uitbreiding van U Koninkryk. Heilige Gees, herinner ons aan die woorde van Jesus wat gesê het dat ons in Hom moet bly sodat ons baie vrugte kan dra en leer ons wat dit beteken.	A	**Do. 13 Aug(Luk 18:23 – 1953 vertaling)** Goeie Meester, dit is ons opregte begeerte om U te volg en U te dien, maar dikwels is daar nog dinge in ons lewens wat maak dat ons U nie behaag nie. Maak asb aan ons bekend waarmee U nie tevrede is nie en laat ons tog nie net bedroef omdraai en voortgaan met ons ou gewoontes nie. Laat ons ontslae raak van alles sodat ons net vir U alleen sal kan volg en U eer.	A	**Do 20 Aug(Ps 25:11-15)** Here, U is alwetend, U sien alles raak wat ons doen. Ja meer nog, U sien selfs die gesindhede en motiewe in ons harte raak. Suiwer dan nou asb ons denke sodat alles wat ons aanpak en alles wat ons doen, sal strek tot U eer en tot die uitbreiding van U Koninkryk. Leer ons watter pad om te loop. Laat ons altyd ons allerbeste vir U gee.
Vry 7 Aug (Ef 6:1-4) Liewe Vader, ons bid vir die verhouding tussen ouers en kinders. Laat ouers so optree teenoor hul kinders dat hulle die eerbied en ontsag van kinders waardig sal wees. Laat alle onderrig en teregwysing in liefde geskied en in gehoorsaamheid ontvang word. Laat daar asb vrede, liefde en bedagsaamheid in ons huise wees.	R	**Vry 14Aug(Joh 7:38, Ps 87:7 – 1953 vertaling)** Here, baie dankie vir die borrelende energie van ons kinders en jongmense. Leer hulle asb om altyd hulle vreugde in U te vind. Leer hulle om hul lewens te put uit die bron van Jesus se opstandingslewe. Laat hulle vroeg reeds besef dat elke deug wat hulle besit aan U behoort. Gee aan hulle die geloof sodat strome lewende water uit hul binneste sal vloei.	R	**Vry 21 Aug(Ps 94:12&18)** Genadige Hemelse Vader, baie dankie dat U groot genade en liefde ook die jeug omvou en dat U Heilige Gees hulle ook in staat stel om tot U eer te lewe. Ons dra elke tiener aan U op. Lei asb hul opstandigheid en geneigdheid om te rebelleer in die regte rigting. Laat hulle sterk standpunt inneem teen verkeerde dinge en bewaar hul asb.
Sat 8 Aug(Kol 4:12, 2Tim 1:7) Drie-enige God, as gelowiges en as gemeente lê ons vandag ons hande op ds. Attie, Renate en hul gesin en bid dat U hulle sal seën. Mag hulle as bedienaars van die Woord staande bly, geestelik volwasse wees en in alles volkome gehoorsaam aan die wil van God. Laat U Gees van krag, liefde en selfbeheersing hulle lei. Gebruik hulle tot U eer.	D	**Sat 15 Aug(Jer 23:29, Jes 42:21)** Here God, ons dra die ringsitting van die volgende paar dae aan U op. Ons bid vir 'n gees van liefde, eensgesindheid en ywer vir U saak. Bewaar hulle van enige vorm van misleiding en laat die waarheid volgens U Woord seëvier. Lei hulle asb in elke bespreking en elke besluit, sodat U Naam verheerlik sal word.	D	**Sat 22 Aug(Pred 4:9-12)** Here, ons dra die leraarspan aan U op. Maak hulle soos 'n huisgesin waarvan U die Hoof is. Laat hulle mekaar onder U leiding en in liefde aanvul en van mekaar leer. Wees U hulle inspirasie en hulle krag. Leer hulle om die waarheid te onderskei en maak hulle gehoorsaam aan U stem. Gebruik hulle tot die eer van U Naam.